# Kaapse seewierwoud ‘n nuwe wonder van die wêreld

VERWERK UIT: MAROELA MEDIA

Kaapse seewierwoud ’n nuwe wonder van die wêreld | Maroela Media



*(Foto: CBS News)*

Die finansiëlesagteware-en-mediamaatskappy Bloomberg het onlangs die Kaapse seewierwoud ingesluit as een van die nuwe sewe wonders van die wêreld.

Bloomberg skryf dat ‘n nuwe lys van wêreldwonders nodig was ná die Covid-19-pandemie die wêreld in 2020 getref het. Die nuwe lys bied sewe wonders van die wêreld waarheen mense kan reis sonder om veel wisselwerking met groot groepe mense hoef te hê.

Bloomberg beskryf Suid-Afrika se seewierwoud, wat sowat 16 km suid van Kaapstad geleë is, as ‘n onderwater-oerwoud wat twee keer die wydte van die Grand Canyon is en miljoene seewesens huisves.

Die seewierwoud was ook die prominente agtergrond van *My Octopus Teacher,* wat vroeër vanjaar geseëvier het met die Oscar-toekenning vir beste dokumentêr. Die dokumentêr vertel die hartroerende verhaal van ‘n seekat wat ‘n ongelooflike band met ‘n diepseeduiker smee.

“Die reuse-seegrasse wat in dié onderwater-oerwoud voorkom, floreer waar die Atlantiese getye plek maak vir die koue Antarktika-seestrome; ‘n verskynsel genaamd *upwelling,* waar twee oseaanlae saamvloei – en dit is die sleutel tot hulle groei,” skryf Bloomberg.